

27 Junie

**TEKSGEDEELTE: II Kronieke 36: 11 – 21**  
**FOKUSGEDEELTE II Kronieke 36:14-18**

**Die ellende van troueloosheid**

Hoe kontrasteer die leiding van konings Josia en Sedekia nie! Onder die een (Josia) word daar volhard in die diens aan die Here, onder Sedekia word daar teruggeval na die ou afskuwelike weë! Tog slaan die genade van God deurentyd deur – Hy gee genadetyd, tyd vir bekering. God is 'n God van liefde! Hy stuur sy profete vroeg en laat om die koning en volk op te roep tot bekering en vertrou op die Hom. Maar daar kom ook 'n einde aan die genadetyd – wanneer die gevolge van die sonde onvermydelik word. God is ook 'n regverdige God, wat sy toorn loslaat oor onbekeerlikheid. En so gaan die volk in ballingskap. 'n Tyd van dood en verwoesting breek aan. Bekering en hervorming onder leiding van Josia lei tot 'n fees, maar onbekeerlike volharding in die sonde onder leiding van Sedekia lei tot rou en smart. Maar hoe groot is die Here se ontferming nie! Ná sewentig jaar sal daar uitkoms wees! Voor die uitkoms egter, sewentig jaar by die riviere van Babel, en geen feeslied wat kan opklink nie.

Hoe maak ek en jy met genadetyd? Wanneer die Here by ons aandrings op bekering –in die prediking, in die lees van sy Woord? Breek ons met die gruwelikhede in ons lewens, die afgode van ons tyd? Ons weet dat Jesus die volkome offer gebring het aan die kruis van Golgota – juis sodat die pad na God altyd oop is. En die Heilige Gees is aan ons gegee om ons te oortuig van die noodsaak van bekering. Is daar gruwelike dinge in jou lewe? Dit is nou die tyd vir terugkeer – en 'n fees aan die Here!

*Sing: Psalm 137: 1, 2 Dr Braam Krüger (Benoni)*